higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

MUSIEKBESIGHEID EN -STYLE N4

(3030504)

16 November 2023 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

038Q1B2316

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
MUSIEKBESIGHEID EN -STYLE N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 300

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.25) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Uitvoerende bestuurder verantwoordelik vir die bestuur van die kunstenaar se handelsmerk.

A Vervaardiger
B Hoof Uitvoerende Beampte
C Persoonlike Bestuurder
D Agent

1.2 ’n Organisasie wat meesteropnames besit.

A Geleentheidsreklame-maatskappy
B Radio-uitsaaimaatskappy
C Musiekmaatskappy
D Kunstenaarsbestuursmaatskappy

1.3 Hierdie afdeling is in beheer van reklame vir ’n maatskappy se musiek.

A Produksiebestuur
B Verkope
C Kunstenaar en repertoire (A&R)
D Bemarking

1.4 Hierdie afdeling is in beheer om te verseker dat musiek in alle winkels beskikbaar is.

A Produksiebestuur
B Verkope
C Kunstenaar en repertoire (A&R)
D Bemarking

1.5 ’n Musiekmaatskappy wat groot hulpbronne en kapasiteit het.

A Onafhanklike musiekmaatskappy
B Onafhanklike groot verspreidingsmusiekmaatskappy
C Groot musiekmaatskappy
D Produksiemaatskappy

1.6 ’n Professioneel verantwoordelik vir onderhandeling met promotors namens die kunstenaar.

A Agent
B Persoonlike bestuurder
C Prokureur
D Sakebestuurder

Kopiereg voorbehou

1.7 ’n Professioneel wat verantwoordelik is om die kunstenaar se geld te belê.

A Sakebestuurder
B Finansiële bestuurder
C Rekenmeester
D Persoonlike bestuurder

1.8 ’n Tipe ooreenkoms wat die kunstenaar se talent troetel.

A Demo-ooreenkoms
B Ontwikkelingsooreenkoms
C Opname-ooreenkoms
D Bestuursooreenkoms

1.9 Geld verdien deur kunstenaars uit lewende optredes.

A Voorskot
B Fooi
C Wins
D Salaris

1.10 ’n Party verantwoordelik vir bemarking en verspreiding van musiek.

A Musiekmaatskappy
B Kunstenaar
C Vervaardiger
D Kunstenaarsbestuurder

1.11 ’n Party wat nie geregtig is om enige tantième te verdien nie.

A Musiekmaatskappy
B Kunstenaar
C Vervaardiger
D Kunstenaarsbestuurder

1.12 ’n Skeppende persoon wat kopiereg op die musiek besit.

A Komponis
B Klankingenieur
C Vervaardiger
D Kunstenaar

1.13 Hierdie partye bring baie tyd in die ateljee deur.

A Kunstenaar en vervaardiger
B Kunstenaar en musiekmaatskappy
C Kunstenaar en kunstenaarbestuurder
D Kunstenaar en promotor

Kopiereg voorbehou

1.14 Die enigste party wie se werkplek die verhoog is.

A Vervaardiger
B Musiekmaatskappy
C Kunstenaar
D Kunstenaarsbestuurder

1.15 Musiek wat nie gereed is vir verspreiding en bemarking nie.

A Promosie-opname
B Demo-opname
C Meesteropname
D Onbemeesterde opname

1.16 Hierdie klousule beteken dat die kunstenaar nie dieselfde lied vir ’n spesifieke tydperk opneem nie.

A Kopieregbeperking
B Regsbeperking
C Opnamebeperking
D Heropnamebeperking

1.17 Musiek wat gratis aan radiostasies gegee word.

A Ou kopieë
B Verdiskonteerde kopieë
C Promosie-kopieë
D Gratis kopieë

1.18 Die elektroniese metode om terselfdertyd toegang tot twee musiekstromingdienste te kry.

A Sindikasie
B Koppeluitsending
C Aflaai
D Stroming

1.19 Die primêre rol van ’n musiekklankingenieur.

A Meng
B Liedjieskryf
C Vervaardiging
D Uitvoering

1.20 ’n Professioneel wat verantwoordelik is om die kunstenaar oor die reg te adviseer.

A Sakebestuurder
B Persoonlike bestuurder
C Agent
D Prokureur

Kopiereg voorbehou

1.21 ’n Betaalmetode gebaseer op werk gedoen.

A Tantième
B Fooie
C Waardefakturering (‘value billing’)
D Lone

1.22 Tipe inkomste wat vir altyd verdien word.

A Tantième
B Winste
C Fooie
D Lone

1.23 Tipe kopieë wat gratis aan gehoor gegee word.

A Radiokopieë
B Bemarkingskopieë
C Promosie-kopieë
D Gratis kopieë

1.24 Tantième gehou deur die musiekmaatskappy.

A Vervaardiger se tantième
B Komponis se tantième
C Menger se tantième
D Kunstenaarreserwes

1.25 ’n Digitale diens wat afgelaaide musiek stoor.

A Aflaaidiens
B Stromingsdiens
C Podsendingsdiens
D Sluitkasdiens

(25 × 2) **[50]**

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.25) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

2.1 Podsending genereer optrede-tantième.

2.2 Alle tantième van die grootste treffers album gaan na die musiekmaatskappy.

2.3 Kunstenaars word nie toegelaat om die finansiële rekords van die musiekmaatskappy te oudit nie.

2.4 Handelsmerk-aanbieding help kunstenaars om tantième te verdien.

2.5 Rakgroothandelaars is verkoopsmense wat deur die musiekmaatskappy aangestel word.

2.6 Daar word nie van kunstenaars verwag om aan enige kriteria te voldoen om musiek vry te stel nie.

2.7 Kreatiewe beheer is ’n klousule wat kunstenaars laat kies en besluit wat hulle wil hê.

2.8 Kunstenaars word toegelaat om musiek by ander musiekmaatskappye op te neem.

2.9 Alle ateljeemusiek sal altyd deur die musiekmaatskappy vrygestel en bemark word.

2.10 Kommissie is ’n vooruitbetaling van tantième.

2.11 Kunstenaars se tantième kan deur die musiekmaatskappy verhoog word gebaseer op verkope.

2.12 Alle geld wat deur die musiekmaatskappy bestee word, sal deur die maatskappy verhaal word.

2.13 Die agent help die kunstenaar ook om musiek te vervaardig.

2.14 Kunstenaars se tantième word maandeliks aan hulle betaal.

2.15 Onafhanklike maatskappye het takkantore in ander lande.

2.16 Prokureurs in die musiekbedryf word op ’n uurlikse basis vergoed.

2.17 ’n Persoonlike bestuurder is die middelman tussen die kunstenaar en almal anders.

2.18 Kunstenaars is veronderstel om die heel tyd hulle eie liedjies te sing.

2.19 Kunstenaarbestuurders verdien slegs tantième uit musiekverkope.

2.20 Musiekmaatskappye stel persoonlike bestuurders vir kunstenaars aan.

2.21 ’n Sakebestuurder verdien ook tantième uit musiekverkope.

2.22 ’n Kunstenaar moet eers ’n uitgewery kry voordat hy ’n persoonlike bestuurder aanstel.

2.23 Daar word altyd van kunstenaars verwag om hulle eie optredes te reël.

2.24 Kunstenaars besit nie hulle musiekmeesters nie.

2.25 Stroming is die grootste metode om musiek te verkoop.

(25 × 2) **[50]**

TOTAAL AFDELING A: 100

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 3

Kies ’n term/item uit KOLOM B om by ’n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–O) langs die vraagnommer (3.1–3.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	Produk wat in die ateljee gemaak word	A	opnamekoste
3.2	Entiteit verantwoordelik vir die kunstenaar se loopbaan	B	sleutelman
3.3	Vorm van betalings wat deur persoonlike bestuurder verdien word	C	bemarking
3.4	Geld wat gebruik word om musiek te vervaardig	D	afloopklousule
3.5	Die kunstenaar kan hierdie geld van die musiekmaatskappy kry	E	opname
3.6	Tydperk gebaseer op verskillende opname-aktiwiteite	F	konflik van belang
3.7	’n Kontraktuele bepaling wat bepalings en voorwaardes vir die na-kontrak tydperk bevat	G	meester
3.8	Hierdie persoonlike bestuurder verdien ’n salaris in plaas van kommissie	H	persoonlike bestuurder
3.9	Dit beteken die persoonlike bestuurder kan namens die kunstenaar teken	I	teruggawe voorreg (return privilege)
3.10	Wanneer een prokureur twee of meer partye verteenwoordig wat mekaar teenstaan	J	promosie-kopieë
3.11	Die enigste funksie van die musiekmaatskappy wat markbelangstelling vir ’n produk stimuleer	K	kommissie
3.12	Die produk wat die musiekmaatskappy besit	L	reserwes
3.13	Die reg wat musiekmaatskappye in staat stel om tantième te hou	M	albumsiklus
3.14	Hierdie tantième word uit verkope van musiek verdien	N	volmag
3.15	Radiostasies is altyd geregtig hierop	O	toer-ondersteuning

(15 × 2) **[30]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

Kies die korrekte term uit dié tussen hakies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (4.1–4.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

4.1 Die kunstenaar se werkplek is die (ateljee/verhoog).

4.2 Die (platejoggie/vervaardiger) is ’n kunstenaar.

4.3 Handelsware-aanbieders buit die kunstenaar se (handelsnaam/musiek) uit.

4.4 ’n (Stromings-/Aflaai-) diens word deur advertensies ondersteun.

4.5 ’n (Meester/Komposisie) word deur die musiekmaatskappy besit.

4.6 (Prokureurs/Sakebestuurders) help om die kunstenaar se besigheid te struktureer.

4.7 (Agente/Promotors) help om borge vir die kunstenaar te kry.

4.8 Musiektantième is die (primêre/sekondêre) bron van inkomste vir kunstenaars.

4.9 Kunstenaars is (werknemers/vennote) van musiekmaatskappye.

4.10 Digitale musiek word deur (digitale/aanlyn) winkels verkoop.

4.11 ’n Opname is ’n vasgelegde (klank/lied).

4.12 Die primêre rol van die kunstenaar is om (te komponeer/op te tree).

4.13 Kunstenaars verkoop hulle (opnames/handelsname).

4.14 Musiekmaatskappye verkoop hulle (opnames/handelsname).

4.15 Vervaardigers vervaardig musiek vir (kunstenaars/musiekmaatskappye).

(15 × 2) **[30]**

VRAAG 5

5.1 Noem VYF nie-fisiese metodes om musiek te verkoop. (5 × 2) (10)

5.2 Noem VYF standaarde vir musiek wat deur musiekmaatskappye vereis word. (5 × 2) (10)

5.3 Noem VYF pligte wat die persoonlike bestuurder moet uitvoer. (5 × 2) (10)

5.4 Noem VYF kontraktuele bepalings wat kunstenaars moet nakom wanneer hulle kantman (‘sidemen’) optredes doen. (5 × 2) (10)

[40]

TOTAAL AFDELING B: 100

Kopiereg voorbehou

AFDELING C

VRAAG 6

6.1 Bespreek die kontraktuele bepaling wat verband hou met musiek vir films. (20)

6.2 Bespreek afloopklousules (‘sunset clauses’). (30)
[50]

VRAAG 7

Bespreek die rol van groot musiekmaatskappye. **[50]**

TOTAAL AFDELING C: 100
GROOTTOTAAL: 300

Kopiereg voorbehou